

# Gesinne in Harmonie

**Volume 7, Oktober 2011**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**



## *Liewe Ouers,*

Hoe geseënd was ons nie met die Moot-Karnaval om as gemeente-familie deel te neem en te dien en R58 500 in te kry nie!

Baie dankie aan almal van julle wat as gesinne in totaliteit deelgeneem en oral gehelp het, en veral aan die Pappas en Mammas wat by ons kindertafel ook hand bygesit het! Ons het so R3330,00 inbetaal - 'n hele R1000 meer as die vorige twee jaar!

Die lekkerste was om saam te werk en pret te hê saam met die res van die gemeente.

"Hoe belangrik is geskiedenis vir my as ouer?"

Watter simpel vraag, dink jy seker nou. Op skool leer mens geskiedenis van ons eie land, ander lande en dan nog 'n klomp goed waarmee ons niks te doen het nie en wat sal dit in elk geval nou met my as ouer te doen hê?

Nou ja, ek praat nou darem nie net van die skoolboeke se geskiedenis nie - in elk geval sien ek dit wat ek as die Anglo-Boereoorlog leer ken het, is deesdae die Suid-Afrikaanse oorlog in party van die nuwe geskiedenisboeke.

In Braam Hanekom se boek ***Ontwikkel die leier in jou kind***, vra hy in die Voorwoord die volgende:

"Is ons die blote slagoffers van die geskiedenis? Is daar 'n stuk noodwendigheid in die geskiedenis wat ons nie kan ontkom nie? [Of] Is ons enigste opsie maar om die moeilikhede wat na ons kant toe kom, in welke vorm ook al, deur te sien en ná die tyd die stukke op te tel?"

Sy alternatief is:

"Of glo ons dat ons deur God geroep is om medeskrywers te wees van 'n geskiedenis waarin mense soos ek en jy 'n aktiewe en konkrete rol te speel het om die geskiedenis ten goede te beïnvloed?"

Wel, kom ons kyk hierdie maand na ons rol as ouers in die geskiedenis - in ons eie gesin, ons familie en gemeenskap. Ja, en dalk in ons land ook...

***Saam in Sy diens,***

***Lita***

***NS:*** Kontak ons gerus deur middel van die details op die agterblad.

## *Notas vir die yskas*

**Kleuterkerk en Junior Kategese in Oktober**

- 16 Okt -
  Vierde Kwartaal begin; gewone klas
- 23 Okt en 30 Okt -
  Gewone klas

### *Manne-Oase*

- **5 Oktober 2011-18:30**

Sluit gerus aan by ons gemeente se Manne-Oase vir geestelike ondersteuning en deel jou wedervaringe en gedagtes oor die lewe en jou geloof met ander manne soos jy!

### *Gemeentekamp*

***14-16 Oktober 2011***



***Emmerentia Geldenhuys kampterrein***

*Besprekings by Basson Geldenhuys asseblief!*

*Tel: 071 6488 656*

*basson.geldenhuys@dpw.gov.za*

## *Huweliksvoorbereiding en Huweliksverryking*

'n **Gratis** 'boost' vir jou huwelik! Of jy nou al jare getroud is en of jy dit nou vir die eerste keer gaan 'waag', hierdie geselsies deur Ds Leon van Heerden is iets wat jy beslis nie moet misloop nie!


**Tema: Vreugdevoller Saam!**

As jy dus Deel 1 gemis het, maak 'n knoop in jou sakdoek:

- Deel 2 - 4 Oktober 2011 - Leer jou maat se liefdestaal ken
- Deel 3 - 18 Oktober 2011 - Vergifnis

*18:30 by die Moot Care Sentrum (ons ou pastorie)

*Kontak Basson Geldenhuys vir enige verdere navrae*



## *Moot Care Sentrum se "Tool Shop vir Ouers"*

Hierdie ouerskap "Tool Shops" is 'n lekker byeenkoms waar ouers die gereedskap kry om hulle kinders te verstaan. Dit word gratis aangebied en kinders is ook welkom.

Volgende werkswinkel is op **15 Oktober van 09:00 - 11:00** by die Moot Care Sentrum

**Besprekings:** Louwna Bouwer: (012) 330 0632 / 071 480 1178 / mootcare@vodamail.co.za



# Gesinne in Harmonie



**Volume 7, Oktober 2011**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**

## *Hoekom vervelige geslagregisters lees?*

Almal van julle het seker al die klomp geslags-registers in die Bybel 'oorgeslaan' as julle daarby gekom het - dis net 'n klomp name en boonop vervelig om te lees.

Tog word 'n mens 'n paar dinge wys as jy dit bestudeer (toemaar, ek gaan beslis nie verwag dat julle nou alles moet gaan lees nie!).

In die Bybelse tyd was jou pa se naam en die plek waarvandaan jy gekom het, baie belangrik, want dis hoe jy geken is, byvoorbeeld: Josef wat Jesus se pa was, is voorgestel as Josef van Nasaret.

Vrouens het gewoonlik nie getel in hierdie verwysings nie - hulle is in elk geval nie in daardie tyd as noemenswaardig geag nie.

In die Nuwe Testamentiese tyd het Jesus dit kom verander - lees bietjie Sy geslagsregister en kyk na Sy optrede teenoor vroue.

In Sy geslagsregister word daar vyf vroue genoem, naamlik Tamar, Ragab, Batseba, Rut en Maria, sy moeder.

Tamar vermom haar soos 'n prostituut en slaap by haar skoonpa - hieruit word die geslag van Juda gebore waaruit Jesus later sou volg.

Ragab was 'n prostituut wat met een van die spioene getroud is. Haar seun was Boas wat later met Rut getroud is.

Rut was 'n Moabietiese vrou wat volgens die Israeliete onrein was. Sy was later die ouma van Dawid.

Batseba het 'n buite-egtelike verhouding met Dawid gehad en later word Salomo vir hulle gebore.

Die belangrikste wat ons hieruit leer, is die volgende:

- God se genade is groter as ons sonde
- Maak nie saak wie jy is nie, God het planne vir jou
- Die mense om jou en die wêreld se opinie van jou is nie God s'n nie - Hy kyk binne-in jou hart en weet wie jy is, waar jy vandaan kom en waarheen jy gaan

Wat is dus belangrik om vir ons kinders hieruit te leer?

Dit maak nie saak of jou pa en ma ryk of arm, mooi of lelik is nie, God kan jou gebruik. Dit maak ook nie saak watter foute jy maak nie - God vergewe en Hy het jou lief "**ten spyte van"**

Natuurlik kan ons hierdie boodskap net aan ons kinders oordra as ons self daarin glo!

Dus, werk daaraan: Jy is nie sonder doel geskep nie! God het jou lief! Jy maak vir Hom saak!

### *Ons Huisreëls:*

1. **Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word**
2. **Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself**
3. **Luister as iemand anders praat**
4. **Pas alle eiendom op**
5. **T r e e  a l t y d toepaslik op**

**-Anoniem -**

**" Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie."**

**Psalm 103:8-9**

## *Aandag, asseblief!*

Jy is nie die Sersant-Majoor nie en was nie eens in die 'army' nie, maar dikwels voel dit vir jou of dit ál is wat jy doen - skree vir aandag...sonder die 'asseblief' daarby!


Kinders moet deesdae almal doof wees of dis oor hulle 'n ander taal as hul ouers praat, dan nie?

Klink dit bekend? Toemaar, dit is iets wat in alle 'goeie' huise ook voorkom, so moenie dink dat dit net in jou huis is nie!

As jy nog nooit op een van jou kinders gegil het nie, is jy sowaar nie deel van die norm nie of jou kind is nog nie gebore nie!

Wel, hier is 'n bietjie troos:

Kitsoplossings of -antwoorde bestaan nie. Juis omdat kinders nie met 'n handboek uitgegee word nie en omdat hulle elkeen 'n eie persoonlikheid moet ontwikkel wat




uniek is, is dit baie moeilik om 'n maklike manier te kry om te sorg dat hulle 'aandag gee'.

As jy heeldag op almal skree, gaan jou kind presies dieselfde doen en gaan hy boonop afgestomp raak vir jou stem.

Boonop kan ons die werklikheid van selfone, i-pods en soortgelyke 'gadjets' en hul invloed op ons kinders nie ignoreer nie.

Kinders wat heeldag met dié goed in hul ore loop, word definitief gedesensiteer vir waarneming van emosies; hul luister-vaardighede ontwikkel nie behoorlik nie en dit is dan juis moeiliker om hul sover te kry om aandag te gee.

**Om te help -**

- Wees konsekwent
- Kyk mekaar in die oë as daar gepraat word
- Oefen bedaarde stemtoon
- Wees self die voorbeeld
- Luister met onverdeelde aandag!

Moet jou nie bekommer dat kinders nooit na jou luister nie; bekommer jou eerder daaroor dat hulle jou altyd dophou.

Robert Fulghum



# Gesinne in Harmonie

**Volume 7, Oktober 2011**
**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**



## *Geskiedenis in my huis*

Die een geskiedenisverhaal waarvan ons almal deel is, is die een van ons eie familie. Of jy nou daarvan hou of nie, jou familie bly jou familie - dis nie verniet dat ons altyd spot met "jy kan jou vriende kies, maar nie jou familie nie!".

Ja, en hoewel party van ons dikwels voel dat ons vir die familie wil weghardloop, bly hulle ons steunpilare in nood en staan hulle ons deur dik en dun by en is hulle dikwels vir menige enkelouer die ondersteuningstelsel wat so nodig is.

Ek as ouer, is dus verantwoordelik vir hoe die geskiedenis van my familie verloop. 'n Mens moet mos immers weet waar jy vandaan kom om te weet waarheen jy op pad is!

Kom ons kyk wat ons kan doen om die familiegeskiedenis vir ons en ons kinders te 'skryf' en die belangrikheid van waardes te beklemtoon.

- Vertel weer stories van lank lank gelede
- Maak 'n familie-album saam
- Stel 'n geslagsregister op
- Maak 'n tydkapsule
- Besoek familielede of nooi hulle om te kom kuier - hou sommer 'n reünie

Kinders is mal oor stories - sit gerus die TV bietjie af en hou 'n kerslig-aand waar julle as ouers vir die kinders vertel hoe dit was toe julle byvoorbeeld nog sonder elektrisiteit moes klaarkom. Gee die kinders kans om vrae te vra - wys vir hulle die ou foto's of koerantuitknipsels as jy het - die eertydse koste van gewone gebruiksartikels is nogal iets wat hulle aandag gewoonlik trek! Speel 'n speletjie deur vir een dag te 'oefen' hoe om sonder elektrisiteit klaar te kom!

Ja, hulle gaan kla en mor, tot hulle agterkom dat jy as ouer dit vindingryk probeer maak en dat hulle werklik iets daaruit leer - verbeel jou: 'n tiener sonder 'n selfoon!

Scrapbooking is nou 'n groot tendens - die meeste van die soort winkels hou 'bome' aan wat jy kan gebruik om 'n ordentlike geslagsregister uit te beeld. Doen dit saam met die kinders en vertel hulle van hul oupas en oumas - as hulle nog leef, kry hulle om saam te werk.

'n Geslagslyn werk op dié van die pa, maar selfs al is jy 'n enkelouer, kan jy so 'n manier vind om jou kind te leer om respek te hê vir sy of haar hele familie. Hulle moet verstaan dat hulle belangrik is en self deel vorm van 'n geslagsregister wat later gaan groei!

Pak items wat nie bederfbaar is nie, soos vandag se koerant, 'n pakkie suiker se omhulsel, 'n speelding, ensovoorts in 'n plastiekhouer - elke persoon in die gesin besluit self op wat daarin moet kom. Begrawe die plastiekhouer nadat dit met vandag se datum gemerk is - onthou net waar! - en neem julle voor om dit op Boeta of Sussie se 16de of 21ste verjaardag weer op te grawe. (Julle kan 'n spesiale stoorplek in die motorhuis of waar ook al daarvoor kry as julle nie 'n groot tuin het waar dit begrawe kan word nie.)

Familiebesoeke kan ingespan word om interessant te wees vir jou kinders (en minder moeite vir jou!). Reël vooraf dat die maak van etes gedeel word en dat daar meer tyd aan die kinders afgestaan gaan word om hulle 'familie-slim' te maak! Vra die besoekers om ou fotos saam te bring en hou 'n storie-aand om die braaivleisvuur.

Die saamdoen van aktiwiteite in die huis lei tot beter samehorigheid en op die ou einde is kinders dus ook meer gemotiveerd om tuis te wees en nie net altyd die geselskap van die TV, die selfoon of die internet op te soek nie.

Familie is belangrik. Alle kinders moet leer dat familie daar is vir mekaar en dat God ons families vir ons gegee het. Dis waar hulle ook hul sosiale vermoëns oefen! Die manier hoe ons as ouers ons familie hanteer, gee af op die kinders. Hulle gaan presies dieselfde doen as hulle groot is, so wees bedag daarop dat jy nou al aan jou 'aftrede' werk! (Blaai om vir **Die Houtbord**)

## *Ietsie vir Pa's en Ma's oor dinge in en om die huis*

Ek het die oulikste webblad ontdek met idees vir die huis, motorhuis, en sommer om Pa's en Ma's lekker besig te hou oor die naweke!

Kyk gerus na http://www.homemakersonline.co.za/features/home - die beste van die webblad is dat dit Suid-Afrikaans is en dus is hulle artikels op die Suid-Afrikaners gemik en adverteer hulle produkte wat ons regtig hier kan kry.

Hierdie een artikel het nogal my oog gevang - Creating a child-friendly home. Hier is oulike wenke in hoe om jou huis nie net kinder-vriendelik nie, maar ook kinderveilig te maak! Hulle verduidelik ook nie net wat jy kan doen nie, maar adverteer natuurlik ook produkte en sê waar mens dit kan kry. Die artikel het byvoorbeeld idees oor elektrisiteitsbeveiliging, jou swembad, skerp hoeke van meubels en so aan in.

Nog 'n oulike artikel is Dad's garage make-over - hierin is tot 'n hele beskrywing van hoe om die vloere skoon te kry of uiteindelik te verf, hoe en wat om te gebruik vir netjiese rake, oulike nuwe gereedskap en so aan - daar is net geen raad oor hoe om die kinders sover te kry om te help nie!

In Bring nature back to your pool bespreek hulle die verskille tussen organiese en chemiese en soutswembaddens - ek het darem geweet daar is so iets soos 'n soutswembad bo en behalwe die gewone chloor-een, maar het nog altyd gedink 'n organiese swembad is 'n gewone plaasdam!

Wie van julle hou van rottangmeubels? Het julle geweet dat daar 'n plek soos Dream House Designs net hier anderkant in Silverton is waar mens meubels kan laat maak volgens jou eie spesifikasies? Dit word bedryf deur die *Pretoria Workshop for the Blind*.

As jy byvoorbeeld daaraan dink om nuwe heinings om jou huis te laat sit - hierdie webblad het iets soos 146 verskaffers gelys!

Blaai gerus op die webbladsye rond - ek is seker daar is iets van alles vir beide Ma en Pa!



# Gesinne in Harmonie

**Volume 7, Oktober 2011**

**NG Gemeente, Rietfontein-Suid**





## Boekwurms

Jy is wat jy lees!

Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

## Fliekvlooie



Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:

http://www.kids-in-mind.com/

## Probeer is die beste geweer

So 'n rukkie terug het ek byna vir een van die deur-tot-deur-smouse se truuks geval, was dit nie daarvoor dat hy nie die Afrikaans van "the proof is in the eating of the pudding" geken het nie en ek self toe vir twee weke lank gesoek het na die Afrikaans daarvoor nie! Maar dis 'n anderdag se (laaaaang) storie!

In die soektog het 'n vriendin my van hierdie webblad vir spreekwoorde, gesegdes en idiome vertel en ek deel dit graag: http://www.gesegdes.co.za/

Die verskil tussen die drie word nogal mooi verduidelik en dis 'n lekker bron om te gebruik vir die laerskoolleerders se praatjies of, soos ons vroeër gepraat het, vir die "mondeling"!

---




'n Pragtige boek met dieselfde tema is Johanna de Wet se **"Wat praat jy!"**


**ISBN: 9781869193881**

**Voorgestelde verkoopprys: R195,00**

Nie net is die buiteblad uitstekend gekies nie, maar die boek is op 'n gemaklike trant geskryf en daar is baie goeie navorsing gedoen. Sommige van die vaste uitdrukkings wat ingesluit is, sal jou lagspiere prikkel en jou sommer laat terugverlang na vanmelewe se dae toe oom Jan Spies nog van sy "koffiekapitaal" gepraat het!

Die boek bevat meer as 20 000 idiome, gesegdes en vaste uitdrukkings en hoewel dit geweldig baie leesstof bied en 'n mens dit slegs vir die doel van navorsing sou gebruik, is dit nogal handig om in die huis te hê.

---




**"Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom"** van Anton F Prinsloo, is 'n ander soortgelyke boek, maar wat dit anders maak, is dat dit uit sowat 3 000 spreekwoorde bestaan en dat die Engelse ekwivalent van die betrokke spreekwoorde ook aangegee word.

**ISBN: 9781868901012**
**Prys wissel tussen R280 en R340**

---




Anton Prinsloo het ook 'n nuwe boek oor eponieme **"Die aap in jou koffie"** op die boekerak. 'n Eponiem is 'n woord wat gevorm word van 'n soortnaam, dus van 'n mens of plek se naam.

Prinsloo het 13 maande lank navorsing gedoen en beantwoord vrae soos: "Is die dahlia regtig na die Sweedse plantkundige Anders Dahl vernoem omdat die blomme se blare soos sy onversorgde hare en baard gelyk het?"

**ISBN nommer 9781869194635**
**Pryse wissel tussen R166 en R200**

## Die Houtbord

Iemand vertel die storie van 'n Oupa wat by sy kinders moes gaan bly nadat sy vrou oorlede is.

Sy seun en skoondogter het in 'n kasarm van 'n huis gebly en baiekeer belangrike gaste onthaal. Hulle het 'n seuntjie van ongeveer 10 jaar gehad. Vir hierdie kind was sy Oupa die wonderlikste mens en hulle het gereeld in die groot tuin buite die huis gaan stap en stories gedeel.

Mettertyd het Oupa swakker geword en gesukkel om te eet. Hy het later vir die seun en skoondogter 'n verleentheid geword en hulle het hom toe in die kombuis laat eet met 'n houtbord en lepel, sodat hy nie mors nie. As daar dus 'n onthaal gehou word, eet hy in die kombuis en die bediendes help hom om in die bed te kom.

Op 'n dag kom die pa bietjie vroeër tuis, sodat hy kan regmaak vir 'n onthaal. In die kombuis vind hy sy seuntjie besig om iets uit hout te kerf.

"Waarmee is jy besig?" wou hy weet.

"Ek maak solank jou houtbord, Pappa" antwoord die seuntjie.

## Bediening vir Diens

**Kontak ons gerus!**

---

kinders@rietfontein-suid.ng.org.za

of

diens@rietfontein-suid.ng.org.za

### Taakspan vir Kinders

**Lita Spreeth** (Red.)

Telefoonnommer:

082 453 8421

Epos:

lspreeth@sars.gov.za

---

### Taakspan vir Gesinne

**Basson Geldenhuys**

Telefoonnommer:

071 6488 656

Epos:

basson.geldenhuys@dpw.gov.za

---

### Bediening vir Diens

**Peet Dorfling**

Telefoonnommer:
084 464 7102

Epos:
peet@productivitysa.co.za

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

**Die Koffiepot**
**vir Volume 1-3 van Ouers in Harmonie en nou Gesinne in Harmonie!**

### Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos:

mootcare@vodamail.co.za